# STROOM~OP

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL
AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL
VIERDE KWARTAAL 1994



## DIE KOOR DOEN DIT WEER!

- Zelmari Coetzee -

Met angs, maar ook met hoop het die koor een Donderdagmiddag eenuur na die Direkteurstrofeefinaal vir Dogterskore in Potchefstroom vertrek. Na 'n vinnige toetsing van die saal se akoestiek, het hulle aandete by Potchefstroom Girls' High se koshuis geniet. Hier het hulle gasvryheid (wat gewoonlik kenmerkend van die Affies is) in 'n Engelse skool in 'n ander stad (dorp?) wat met 'n "P" begin, geniet.

Na 'n spannende aand se deelname en luister na ander kore en 'n lang sit op die trappe, is die wenners aangekondig. In die derde plek was Potchefstroom Gimnasium, tweede was Wonderboom en eerste...die Affies!

In die bus het niemand se blydskap enige perke geken nie - dis nou te sê as 'n koorlid nog 'n stem gehad het na die sing (skree) voor die hoofingang. Na 'n laat aandete, het die lang busrit huis toe begin, maar wie gee nou om as die mees gesogte trofee saam met jou in die bus is!

## AFFIE-ARTES

- Elke Leistner -

9 Augustus - die sekelmaan hang hoog in die lug; die E C Steijnsaal is volgepak; die swaar donkerblou fluweelgordyne skuif stadig oop. Dit is die wêreldpremière van die ...(die skare hou hul asems op...) Affie-Artes!

Die Affie-Artes is 'n nuwe kultuurgebeurlikheid wat hierdie jaar as 'n tradisie by AHM ingestel is. Affies wat talent in enige rigting op kultuurgebied toon het oa gesing, gedans, voorgedra, musiekinstrumente bespeel en selfs koek gebak en tafel gedek.

Dertien gelukkige Affies het hulle onderskeie afdelings gewen en elk 'n groot wisseltrofee huis toe geneem. Die Victrix Artium is verower deur Cecile de Vries wat algeheel die meeste punte verwerf het.

Hierdie eerste Affie-Artes was voorwaar 'n prestige geleentheid. Ons sien uit daarna om volgende jaar elke Affie (ook die wat hierdie jaar nog in Augustus gehiberneer het) te sien deelneem aan en te sien wen in die kunste.

Vivant Affie-Artes!



## AFFIES LEI, ANDER VOLG . . .

– Jacques Malan, Quentin Harley en Louis Nel –

Tye verander, Affies nooit ... verkeerd! Die Afrikaanse Hoër Seunskool verander voortdurend progressief, in die sin dat elke Affie hiér geslyp word. Elke dag 'n brokkie genade, 'n geleentheid en die ondersteuning van vriende, ouers en toegewyde onderwysers - dit is wat Affies so uniek maak.



In die portaal staan vier Direkteurstrofeë - elkeen met sy eie verhaal, tog blyk hul getuienis een te wees: 'n droom, 'n strewe, maande se doelgerigte voorbereiding, gedugte teenstaanders, fanatiese ondersteuning en op die deurslaggewende oomblik: "Affie Guts". Die een en enigste.

Let op daarna dat oorwinning nie ingesluit is nie - dit is maar 'n bietjie geluk en genade. Verbeel jou die aflosspan, kop aan kop met die opposisie, laat val die stokkie op Interhoër - Affies verloor. Verbeel jou Werner Volschenk tas mis in die doodsnikke teen Eldoraigne en druk nie daardie asemrowende wen drie nie - Affies verloor. Einde van rugbyseisoen. Geen Direkteurstrofee.

Enigiets onvoorsiens kon voorgeval het.

Maar het Affies se gees enigsins skipbreuk gelei? Nooit! Gees word nie gemeet in terme van trofeë nie, "Affie Guts" nog minder. Geen sigbare beloning kan die harde werk, deursettingsvermoë en dryfkrag weerspieël nie, dit kan slegs erkenning gee aan hierdie onsigbaarhede.

Dit is interessant om op te merk dat ons nie onder mekaar sê: "Affies se gees is die beste in Transvaal" nie, maar eerder: "Affies se gees is hierdie jaar sekerlik die beste nog in Affies se geskiedenis."

Affies word nie vergelyk met ander skole nie, maar met homself: die enigste maatstaf waarmee ons hierdie "leefwyse" kan uitbou en opbou.

En deel van die groot geheel, is die Affie-tradisies. Tradisies wat ongeëwenaar bly voortleef. Tog is daar sekere tradisie wat kom en tradisie wat gaan. Wie onthou vanjaar se eerste suksesvolle omsendbrief ...

*Affies Hardloop om 09:30 Girls High toe*

Dis net jammer onderwysers lees net so goed soos skoliere ... en toe die trasidionele gevolge ...

Elke seun in Affies is 'n volwaardige heer en het respek vir sy omgewing en medemens. Hulle gee net hulle beste in alles wat hulle aanpak en as hulle nie met die eerste probeerslag daarin slaag nie, gaan lê hulle nie, nee! Hulle staan op en probeer weer. Dit is dié eienskap wat hulle "die gevreesde" maak.


Dan was daar ook die opening van die nuwe koshuis, die nuwe sportsaal, die oud-Affie klubhuis, die opgeknapte tennis bane, die krieketskerms, so kan die lysie aan en aan gaan ...

Ons beleef die verkiesing en die oorgang na die nuwe regering. Ons beleef ook die eerste hysing van die nuwe vlag.

Die jaar het ten einde gesnel - 'n jaar gevul met ongekende vreugde, verdriet en voorspoed. 'n Jaar vol genade ... waarin talent, deursettingsvermoë, prestasie en "Affie Guts" geseëvier het.

"Mag die Here sy genadige hand nog lank oor ons hou"

"Laat daar lig wees!"



# AFRIKAANSE TONEEL



## Die Afrikaanse Toneel het deurgedring na die volgende rondte van die ATKV – kompetisie

## Afrikaans-Olimpiade

- Mariènne Potgieter

Toutologieë, neologismes, onomatopeë, verwarring, woordeskat, anglisismes en spelreëls het op 16 Maart in 'n horde Affies se koppe rondgemaal. Hoekom? Vroeë rekordeksamen? Nee, die Stigting vir Onderwys, wetenskap en Tegnologie se Afrikaans-olimpiade is geskryf, geraai en onderneem op dié Woensdag. Die uitslag van hierdie gekopkrappery het in die derde kwartaal hier aangekom: die skool het algeheel tweede gekom landswyd en 11 Affies het onder die top 100 geëindig. Van hulle het Liezel Kritzinger die beste presteer met 'n 17e plek.



## Matriekafskeid

- Zelmari Coetzee

Die matriekafskeid het hierdie jaar regtig 'n nuwe betekenis gekry onder die bekwame leiding van die st.9-voogde en ma's. Goue strikke, mos, fonteine en aangepaste koeldrank - het alles deel uitgemaak van 'n glansgeleentheid met natuurlik hier en daar 'n benoude blik of jy die garnering mag eet of nie.

Wat rokke betref het die matrieks gewys wat smaak regtig is. Hulle en hulle galante metgeselle was deur die bank iets vir die oog.

Na die voorgereg is die dansvloer geopen en is daar behoorlik uitgekap op die dansbaan. Die hoofgereg en nagereg wat pragtig opgedien is op die smaakvol versierde tafels, is terdeë geniet. Daarna is die dansbaan behoorlik benut vir die res van die aand.

Alle sprokies kom ongelukkig tot 'n einde. Die gaste verdaag en die kelnerinne probeer nog 'n laaste danspassie inkry. Eindelik word die kerse doodgeblaas. Vir Aspoestertjie is die aand nou verby - die prins verander terug in 'n gewone ou en sy BMW word 'n Volla. Maar lank na die matriekafskeid sal almal nog terugdink aan daardie wonderlike aand wanneer hulle deur hulle foto-albums blaai...

## Borrel, borrel, harde werk en gorrel...

- Carlien Smit en Engela v d Klashorst

VRAAG: Wat gee juffrouens grys hare?
ANTWOORD: Om toneelopvoerings, veral st.8-sepies, te reël. 'n Paar feite: halfses die aand (die opvoering begin halfsewe) is die saal NOG GLAD NIE REG NIE en baie akteurs NOG GLAD NIE DAAR NIE. Boonop wou die ligte AL WEER NIE WERK NIE, sodat die gehoor in helder lig gebaai was, en het die CD-speler besluit om VAS TE HAAK by die eerste note van "Wild thing". Tog wys dit net dat die st.8's kan saamwerk as hulle wil (of moet). 'n Nuwe rekord is opgestel vir stoele uitpak en saal regmaak. Die rooi matte op die verhoog is met 'n bietjie gespartel verwyder sodat die akteurs nie (vrywillig ) daarop kan gly soos tydens die oefeninge nie.

'n Hele paar sepie-akteurs het benoude oomblikke in die vleuels beleef ("Het iemand vir my 'n 'script'? Ek het my woorde vergeet!"), maar almal het dit geniet en 'n aand wat al die pessimiste wou laat "flop", het (byna) flatervry verloop. Die wat nie daar was nie, het beslis iets gemis!

Laastens - gaan Werner saam met Candy Atlanta toe? Gaan Peggy en Sieg herenig? Wat is Susara se volgende plan? Kan Elmo van Timotheus se knipmes af wegbly? Om uit te vind, kom kyk gerus weer, en onthou: "Geen Affie-Net, geen betowering!"



# L E N T E D A G

- Engela van der Klashorst




Rooi, bruin, oranje, vaal, wit, pienk ...stadig sien ons die seisoenkleure verander. Herfs...winter... lente! Soos gewoonlik het Affies nie op hulle laat wag nie en ons het lentedag op 'n kleurryke manier gevier.

Dit was voorwaar 'n ervaring om al die Affies op 23 September in uitrustings van die seisoen se nuutste mode-kleure en giere te sien blom. Gewone klere? Wat sal 'n lentedag wees daarsonder?

Die hoogtepunt van die dag was natuurlik die saalbyeenkoms. Die talentvolle st. sewes het uitgestaan met hulle vertoning en mev Human se toneelgroep was onoortreflik.

Om hierdie uitsonderlike dag mee af te sluit, is ons almal vroeg huis toe.

Om die dag mee op te som: ek sien haar blom!



# ST 6 - TONEEL

- Stephanie Fouché en Monique Joubert

Dit was die aand van die st.6-toneel. 'n Mens sou kon dink dat jy jou regtig in Hollywood bevind te midde van die aktrises se talentvolle optrede. Die klasse moes self die tonele skryf , regeer, vir bypassende musiek sorg en ook alle kostumering doen!

"Liefde in Texas" is as die wenners aangewys. Kort op hulle hakke was "Hakuna Matata".

## VETTIES & MOUNIES

- Hymne du Venage

"O, Moni! Jou hare lyk soos gedraaide pasta wat die kleur van jou tamatielippies uitbring!"
"O, Fatti! Jou oë lyk soos ingelegde olywe!"

Daar verskyn twee onkeerbare kuiltjies op elke Affie-meisie se gesig wanneer sy terugdink aan hierdie openingswoorde wat met 'n eg Italiaanse aksent die st. 7A's se toneel begin het.

Wanneer die (lang) woord "Pizza-en Pasta-Pandemonium" hardop genoem word, dink ons onwillekeurig terug aan die stompsinnige Fettucine en Ravioli wat met hulle "Alarm! Alarm!" en "O, nou's ons darem in 'n kanarie" daarin geslaag het om die hele gehoor te laat tande wys. Fatti en Moni se hartstogtelike liefdesgesprekke, eie lirieke en komposisies, het beslis die dames se hartsnare geroer. Napolina, die Mafia, kelnerinne, meisies, mev Linguine en al die ander kleurvolle karakters het almal vir 'n rukkie laat vergeet van boeke en sulke dinge. Die raaisel bestaan egter nog hoekom die flitsende terreur in die nag - FLASH - die aand sy verskyning in Café Olé gemaak het?

Ek dink almal moet in die vervolg maar in hulle spoor trap - 'n mens weet nooit wanneer en op wie die verwarde sluipmoordenaars van Carlos Linguine hulle volgende aanslag gaan maak nie! Fatti was dalk nie die laaste slagoffer van die twee lyfwagte met die Baracuda nie! Wees dus gewaarsku - netnou is jy die een wat in 'n kanarie is!



**"Later, later!"**
**"Maar ek wil nou!"**

# Prefektekamp

- Karin Jordaan

Die prefekte kamp (ww). 'n Perfekte sin (met ww en al), perfekte gebeurtenis en perfekte naweek!

Die gebied is met stampe en stote al s t r o m p e l e n d verken.Daar is dinkskrums gehou waar meesterlike planne beraam is. Legkaarte is soms met min, soms met baie insig voltooi - altyd in 'n gesellige,ontspanne gees.

Die hoogtepunt was die konsert. Almal was amper net so goed soos tannie Magda, Bennie Boekwurm en die Speelkamer - die wenners van die aand. Elkeen het 'n paaseier as troosprys met liefde van mej Venter en Boerneef ontvang.

Dankie aan die personeel vir al die komplimente oor ons rustige gedrag snags (as hulle maar weet, né Alma?). Dankie vir wonderlike innerlike spyse - kos! Daardie towerwoord! Juffrou Visser, u weet hoe!



LAAT DAAR LIG WEES

# Affies se trots!

## Arbeid adel . . .

– Floris van der Walt –


"Die arbeider is sy loon werd," en die waarheid is ook tydens die prysuitdelingsfunksie op Woensdag, 19 Oktober bevestig. Dié leerlinge het beslis bevestig dat 'n mens met jou talente moet woeker om só vreugde en erkenning te kan smaak.

Op akademiese gebied loop Jac Joubert (st. 9) weg met die louere én sewe vakprestasieskilde (... word by al sy ander trofeë gevoeg, vir Afrikaans, Engels, Latyn, Wiskunde, Addisionele Wiskunde, Natuur- en Skeikunde en Rekeningkunde) In die Landswye olimpiades is hy 'n gerekende naam onder die toppresteerders in Wiskunde en Arikaans!

Waldemar Sauer (st. 10) kry ook erkenning vir sy buitengewone prestasie in Rekenaarwetenskap. Herman Jay (st. 10) verwerf die L'Art-trofee vir die beste kunsleerling.

Dawie Booysen (st. 10) hou die rekord vir die meeste goue medaljes nog verower - niks minder as sewe medaljes nie! Dit wil gedoen word! Hy het ook vyf vakprestasieskilde vir die hoogste gemiddeldes ontvang.

Pligsgetrouheid blyk uit die baie skoolbesoeksertifikate wat aan matrikulante toegeken is. Gerhard Laubscher het vir vyf jaar skoolbesoek 'n sertifikaat ontvang. 'n Rekordgetal het vir twaalf jaar skoolbesoek sertifikate van die T.O.D. ontvang: Grant Esterhuizen, Jan Cloete, Hendrik Geldenhuys, Michiel Labuschagne, Andre Prinsloo en Ernst Veldsman.



Dr. Edwards staan trots tussen dié voorlopers - elkeen 'n wenner in eie reg en ontvangers van die gesogte volle skoolerekleuretoekenning vir veelsydige prestasie op akademiese, kulturele, sport- en leierskapgebied.

Dié Affies prefekte het ook talle ander trofeë, toekennings en medaljes ontvang:
**Voor van links na regs:** Grant Esterhuizen, Tobie Meyer, Johannes J. Erasmus, Dirkie Strydom, Philippus Visser, Dawie Booysen.

**Agter van links na regs:** Frans Malan, André du Plessis, Lourens Kruger, Dr. Edwards, Arnold de Swardt, Deon Strydom, Sheldon Heuer. Afwesig: Servaas Britz.

Rian Boonzaaier, beste Junior skut in die land, met sy talle skyfskietoekennings het die sportoekenningskategorie oorheers met sy puik skietprestasies, So het Deon Strydom nie net op skoolgebied sy talent en sportmanskap beoefen nie, maar was ook 'n skitterende ambassadeur vir die skool waar hy as provinsiale rugby- en krieketspankaptein voorgeloop het. Daar word ook gedink aan Dirkie Strydom wat gereeld die koerantmanne se oog gevang het met sy asemrowende talent. Nicolaas Alberto (st.9) dwing respek af met sy tennis en krieket en word ook as die belowendste sportman aangewys.

Brett Faure,tweekampuitblinker; en Jean-Jacques Terblanche, swemmer en goue medalje veroweraar, deelnemer aan die Spele vir Gestremde Sportmanne, is maar net nog twee bekende sportsterre.

Johan Steenkamp (st.9) het ook skoonskip gemaak op die Etienne Lewis en Lubowski Skaaktoernooie, nog 'n Affie wat dopgehou kan word.

Noem dit ... en die Affies doen dit ... en roer die dinge om die louere in te oes.

Martin Maritz, sinoniem met wêreldgehalte gholftalent; Kolie van Zyl, tennisster van formaat; Dawie Booysen, met sy skermprestasies, is enkele voorbeelde van die Affies wat reeds wye erkenning geniet. Dan is dit nie 'n wonder waarom die verworwe Direkteurstrofeë so "tuis" by Affies is nie!



Akademiese Dux-skilde vir die hoogste gemiddelde prestasies in die verskillende standerds. Hier is vier van die toppressteerders: Johan Schoeman (st.6), Jac Joubert (st.9 )- ook die houer van die beste akademiese prestasie in die skool, Dawie Booysen (st.10) Kobus Potgieter (st.7) Afwesig: Wynand Schoeman (st.8)

## "Street Law" Seminaar

Andreas Laubscher, Iaan Roux, Louis Strydom, Lyle Pienaar en Yssel Venter het op Saterdag, 17 September aan die jaarlikse "Street Law" menseregteseminaar en debat deelgeneem.

Na twee werkswinkels waarin menseregte bespreek is, het debatspanne van die verteenwoordigende skole oor aktuele menseregte sake teen mekaar uitgespook.

Andreas Laubscher is as een van 30 beste sprekers uit 200 leerlinge gekies en het die "Green Street Law" op 24 September bygewoon.


## TENNIS


– Kobie Venter –

Oorwinningsvreugde vir die span wat die Direkteurstrofee vir tennis weer Affies toe gebring het - vir die 12de keer uit 13 kere! Aandeelhouers in die trofee: Andre de Beer, (afrigter) Nico Pruis, Nicolaas Alberts, Kevin Delport (kaptein), mej.E.Botha (organiseerder), Kolie van Zyl, Christiaan Pieterse en mnr. P. Theron (bestuurder)

Affies se eerste tennisspan het weereens bewys dat hulle wel die span is wat die toets van tyd deurstaan het deur die Direkteurstrofeë vir 'n twaalfde keer in dertien jaar te wen.

Met sterk teenstand in die liga, het Affies nogtans die knoop deurgehaak en Wesvalia in die Direkteursfinaal verslaan. Wat die prestasie egter so uitstaande maak, is dat Affies nie 'n enkele stel in die finaal afgestaan het nie. Met Affies se sege van 6-0 het die tennis gesorg vir die vierde Direkteurstrofee vir die jaar.





Lourens Kruger (koorleier) hou die Direkteurstrofee nie verniet so besitlik en trots vas nie ... Affies se koor is die beste, die heel beste! En wat 'n groep ambassadeurs ..

Dr. Edwards se glimlag spreek boekdele, en so ook dié van mnre. Johan van der Sandt en Deon du Plessis, die koorafrigters.

## AFFIES SE KUNSTENAARS!

– Lyle Pienaar –

Affies het sy jaarlikse kunsuitstalling op 6 Oktober in die skoolsaal gehou. Die uitstalling was baie suksesvol te danke aan die moeite wat deur die Affies se kunsonderwyser mnr. Jaco Roux en die leerlinge gedoen is.

Daar word jaarliks pryse aan die kunstenaar toegeken wat in sy standerd die beste gehalte werk lewer. Daar is gekyk na verskillende style wat die leerlinge die afgelope jaar ontwikkel het. Die groot verskeidenheid topgehalte kunswerke was behoorlik 'n nagmerrie vir die beoordeelaars. Die wenners in die verskillende afdelings was:

st.6 Conrad Schoeman
st.7 Selwin Roon
st.8 Erik Roon
st.9 Henk Venter
st.10 Pedro Ferreira
Algehele wenner: Reinhadt Holscher

Dit is duidelik dat kuns in Affies, 'n goeie toonbeeld van die energieke lewens van die leerlinge is. En soos mnr. Roux gesê het:

"Die werk is jonk, spontaan en sonder enige pretensie. Affies se kunsleerlinge is 'n verlenging van die kreatiwiteit van elke Affie."

# – DIE WENSKOOL –

– Frans Malan –

Affies bly maar eenmaal 'n wenskool. Die enkele male waar daar nie met die louere die veld afgestap word nie, wen ons los hande op die pawiljoen.

Mag elkeen ook 'n wenner vir God wees sodat ons eendag reuse oud-Affie reünies in die hemel kan hou.

# Affies se lig: C.S.V. week 1994

– Johan van der Zee –

Na die afgelope C.S.V-week van 24 tot 28 Oktober is die weg oop vir die Affie-groep wat meer uit hul Christenskap wil put.

Die C.S.V.-week het afgeskop met Anrich Herbst wat baie aanmoedigend was en na 'n baie suksesvolle week, is dit afgesluit met 'n mini-jeugfees. Irvin Viljoen en Dewald van Tonder sê alles was verrykend.

Hierdie week was maar net 'n voorganger vir wat beplan word, soos 'n massa Gospel-aand waarby groot name betrokke gaan wees!

Die Affies C.S.V. doen alles moontlik om GOD te eer in die Affie-gemeenskap.



# – KERKAFSLUITING 1994 –

– Michél du Plooy –

Ds. Attie Beetge gee by die matrikulant kerkafsluiting op 20 Oktober 1994 die handleiding vir die pad vorentoe:

Jou pad moet wees "soos helder oggendlig wat groei en sterker word tot dit heeltemal dag is:

Spreuke 4:18
Wat het jy nodig vir die pad?

* ORE wat kan hoor. "My seun , hoor wat ek vir jou sê, luister goed na my woorde!" (Spr. 4:20)
* 'n VERSTAND wat kan onthou. "Moet dit nie vergeet nie, hou dit in gedagte." (Spr. 4.21)
* 'n HART wat kan onderskei. "Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal hou hele lewe" (Spr. 4:23)
* Oë wat kan rig. "Hou jou oë op die pad vorentoe, kyk reg voor jou uit." (Spr 4:25)
* VOETE wat kan koers hou. "Baken jou koers af, dan sal jy seker wees van elke tree. Moenie links of regs wegdraai nie, weerhou jou van die verkeerde koers." (Spr. 4:26,27)

Onthou: 'n Mens se lewe lê oop voor die Here, elke tree wat jy gee, sien Hy" (Spr. 5:21)
Daarom wil Hy jou help op jou pad:

"Ek sal jou leer wat die pad van die wysheid is en jou die regte koers laat loop." (Spr. 4:21)

So word God se pad met jou, jou pad met God.
Maak jou leuse:
Ek wil!
Ek kan!
Ek sal!

# Oud-Affie van die Kwartaal



"Toe ek 12 jaar oud was, het ons uit Nederland na Suid-Afrika geimmigreer. Na 'n jaar en 'n half in Vanderbijlpark verhuis ons na Pretoria en het ek as groentjie in standerd 8 op Affies begin. Ek het gou aangepas en eintlik meer aan die 'sports' as aan sport deelgeneem. Natuurlik onthou mens net die 'sports' en aangename dinge, maar oor die driejaar op Affies, gesels ek nou nog baie met ander wat min of meer dieselfde tyd daar was. Gedurende dié tydperk het ek seker van my mees blywende vrienskappe opgebou.

Daar was dié tyd onderwysers (karakters) op skool, waarmee min ander skole kon spog. Gedragspatrone as gevolg van 'bomskok', of ontbytreste op 'n das laat sy merk en so kry elkeen 'n naam - Appelkop, Zak, Soppies, Pens, Pistool, Malle, Aap, Beeskop en baie ander. Die skoolstories is egter nog beter as die karakters en ek sou dink, dat indien daar nie reeds mee begin is nie, dit goed sou wees as ons 'n versameling of boek begin saamstel van stories en gebeure in die geskiedenis van Affies - ek weet dat daar 'n hele paar uit ons tyd geboekstaaf kan word wat moeilike geewenaar sal word.

Dink net dié geskiedenis hoef nie eers deur 'regstellende aksie' aangepas te word nie.

In 1970 skryf ek matriek en begin daarna op Tukkies afgitektuur studeer. Met die streng toelatingseksamen, het een van die professors my gevra, of ek dink daar enigiets spesiaals aan is omdat ek aan Afrikaanse Hoër Seunskool gematrikuleer het. Ek het geantwoord dat ek nie daaroor kon oordeel nie, maar het later wel agtergekom dat die suksesvolle Affie-toelatings vir die kursus opmerklik hoër was, as dié van ander skole.

In 1976 het ek gegradueer, trou met Ronelle (ook 'n oud-Affie) en werk vir drie firmas in Pretoria en Johannesburg. In 1978 het ek my eie firma begin en ondanks moeilike jare in die boubedryf, gegroei tot ons firma Waterston Weyer Roon Argitekte nou 'n kantoor in Pretoria en ook in Graaff-Reinet het.


Intussen is 2 van ons 3 seuns reeds by Affies en die indruk wat ek nou van hulle kry, is dat sekere aksies uit ons tyd nog steeds plaasvind en 'n instelling geword het. Die tradisie om 'STROOMOP' te wees was nog altyd daar - in ons tyd het ons hard probeer om byvoorbeeld ons hare so lank moontlik in ons nek te laat groei, wat gepaard gegaan het met die gevolglike 'botsings' met die owerhede! Vandag, lyk dit my, is die haarstyl weer so kort moontlik in die nek en nou verstaan ek is die Hoof net so stroomop soos Appelkop van ouds - die styl verskil net.

Toe ek op skool was, was ek gekant teen tradisies en standaarde, maar nou dat ek, ons eie seuns moet skool toe stuur, sien ek die waarde daarvan. Veral in 'n toekoms waar gepeuter word aan standaarde waaraan ons gewoond is, moet ons al meer streef om dit te handhaaf en uit te bou. Ek sou graag wou sien dat wat elke individuele Affie as Afrikaanssprekende burger ook al aanpak, hy dit so sal doen dat dit 'n wesentlike verbetering aan die omgewing of samelewing sal maak.

*

Alvin Roon se breinbabas is onder andere die plaveisel rondom die sportsaal, die krieketgesigskerms en die baie treffende ingangsportaal. Hy werk reeds aan die beplande muur, met sy aanvoeling vir argitektoniese skoonheid sal dit beslis nog 'n pronkstuk word.

# ONS GROET VIR LAAS. . .



# AFFIE-MAFIA-SUKSES



Asof Michiel Labuschagne nie mans genoeg is om die skoonheid self op te pas nie ... Abrioni en Ernioli is ook soos altyd op hul pos ... op die loer!


## R E D A K S I E

**Redakteur:** Andreas Laubscher
**Subredakteur:** Amir Zarrabi
**Akademiese redakteur:** Jac Joubert
**Kultuurredakteur:** Walter Dunn
**Sportredakteur:** John North
**Hooffotograwe:** Iaan Roux en Henk Venter
**Reklame:** Jacques Malan
**Verslaggewers:** Jackie Kruger, Johandries Combrink, Marcelle du Plessis, Stefan Esterhuizen, Barry van der Westhuizen, Louis Nel, Wessel Vermeulen, Johan van der Zee, Christoffel Breytenbach, Lyle Pienaar, Floris van der Walt, Palim

## Kultuurvrou van die Kwartaal – Hanlie du Plessis

- Karlien Franken



Hanlie Marchand du Plessis is op 10 November 1975 in Reutlingen, Duitsland gebore. Vanaf st.6 was sy reeds 'n aktiewe redenaar. Sy het aan verskeie kompetisies van die Spraak- en Dramagilde deelgeneem en het ook al uitstekend presteer as lid van 'n span in die Junior Rapportryers se Debatskompetisie. Verlede jaar was sy 'n lid van die wenspan wat deelgeneem het aan die Menseregtedebatskompetisie van die Universiteit van Pretoria. Die hoogtepunt van haar redenaarsloopbaan was egter toe sy hierdie jaar as wenner uit die stryd getree het in die landswye ATKV-redenaarskompetisie (senior afdeling.)

Hanlie is nie net 'n redenaar nie. Sy dien reeds van st.7 op die Stroom-op se redaksie en is hierdie jaar die redaktrise van die koerant.Vanaf st.8 het sy vir twee jaar in die skoolkoor gesing. Dit was dus nie 'n verrassing toe sy as onderhoofmeisie vir kultuur vir 1994 aangewys is nie. Agv van al haar kultuurprestasies is sy op die jaarlikse prestasie-bekroningsaand as die Kultuurpresteerder van die jaar aangewys.

"Culture vulture" is darem nie die enigste beskrywing wat 'n mens vir Hanlie kan gee nie - sy het hierdie jaar vir die tweede hokkiespan gespeel. Hanlie gaan volgende jaar medies studeer by Tukkies. "Waarom nie regte nie?" vra ek nav haar prestasie. Sy vertel my dat sy vanaf haar vierde jaar 'n "nurse"-rokkie gehad het en haar poppe gedokter het.

Sy beskryf haar humor as "groot, met 'n definitiewe sadistiese streep." Haar gunsteling persoonlikheid? "My eie natuurlik, maar ek maak jou dood as jy dit skryf! Sê maar Thabo Mbeki." ('Skuus Hanlie, maar Elmien het my so mooi gevra!)

Hanlie, self 'n kranige digter, se gunstelingdigter is Breyten Breytenbach. 'n Mens sou haar kon beskryf as iemand met haar kop in die wolke, maar wat tog baie realisties is - haar wens sal heel moontlik wees dat haar drome kan word.

Sterkte met alles wat voorlê, Hanlie! Ons sal jou beslis onthou!




**Liewe Matrieks – julle was die ink in ons penne en die Prestik onder die foto's! Baie dankie! Ons mis julle al klaar!**

## "Dashing Dixieband"

- Chané Henrico



Dit is heel waarskynlik die algemeenste vraag wat op 'n skoologgend gevra word: "Liefies / hartjies, hoekom lyk julle so moeg?"

Soms gebeur daar tóg iets wat die roetine so effens afwissel, soos die dag waarop die Boys' High Dixieband die Affies op 'n aangename (interessante?) manier kom verras het.

Lanklaas was 'n saalperiode so gesellig! Nadat die Babelse verwarring en kommunikasiegaping oorbrug is, het die Boys' High "boys" hulle instrumente nader geskuif en begin musiek maak.

Die gaskunstenaars het hulself meesterlik van hul taak gekwyt terwyl die Affies hul verslae aangegaap het. (Daar word nou nog bespiegel oor die werklike rede vir die verslaentheid.)

Die besondere musiek het die Affies definitief na byvoeglike naamwoorde laat soek, maar na vele mislukte pogings is daar besluit om by die tussenwerpsel "Wow!" te volstaan. Daar word reeds met groot verwagting uitgesien na 'n volgende besoek.

Intussen word daar vanuit verskeie oorde berig dat daar naarstigtelik by musieksentra aangesluit word agv groepsdruk...

## Alrita en die nuwe klank




- Marenet Jordaan

Die matrieks het gedink ons het 'n versterker nodig. En het hulle nie iets hieraan gedoen nie!

"Tik-tik-tik: toets een..twee...drie..." is uit en elke keer wanneer iemand iets wil sê, is daar 5 gewillige hande met 10 meer-as-gewillige mikrofone tot haar diens.

Hierdie geskenk het ook net op die regte oomblik gearriveer - betyds vir die eerste Affie-Artes.

Met die oorhandiging van die nuwe klankstelsel aan die skool, het Alrita ook sommer vir ons gewys wat jy moet doen om 'n nuwe st.6, 'n ideale st.7, 'n rebellerende st.8, 'n anderste st.9 en 'n regte matriek te wees. Die mikrofoon was haar regterhand, linkerhand en voorkant terwyl sy gesing (en gedans) het.

Mag ons nuwe geskenk lank genoeg hou om 'n tradisie te word en mag elke geleentheid betyds eindig met 'n stem wat sê: "Dankie vir u teenwoordigheid. Geniet die aand verder en veilig ry!" (en dis nou met 'n "mike" gesê!)



## Die mense sonder naels

- Ciska Joubert

Maandagoggend, 22 Augustus...die nuwe prefekte word aangekondig! Van Vrydag af is naels al afgekou en voorspellings gemaak oor wie dié jaar die st. sesse in die saal 'n "treetjie vorentoe of agtertoe" sal laat skuif.

Die name is een vir een uitgeroep en Karlien (L)anken is as hoofmeisie van die skoo aangewys.Die koshuishoofmeisie is uitgeroep en Anna-(B)art (Simpson) het vorentoe getree. Die koshuisprefekte het nie op hulle laat wag nie en die sosiale prefek, Danielle, het binne 'n kwessie van twee weke 'n koshuissosiaal gereël.

Ons sê vir al die prefekte baie geluk en sterkte vir 1995!






Ma- en dogteroggend

## Super Snuiters

- Karin Jordaan

Donderdag, 11 Augustus, was Opedag. St.5's het van oraloor opgeruk na Affies. Dit het soos 'n vertoning van skooldrag, waarop ritse erekleurebalkies gepryk het, gelyk.

Mej Venter, Ria en Karlien het hulle hartlik welkom geheet. In Jan Pierewiet- en Hansie Slimgroepe is hulle op 'n begeleide toer deur die skool geneem en het hulle 'n bietjie te wete gekom en geleer van Affies se tradisie, kultuur, norme en prestasies. Dít wat Affies en géén ander skool het nie, soos die beelde, bokkie, roostuine, venstertjie en gedenktuin kon daardie eerste sprankie van trots laat ontvlam. In die klaskamers kon hulle sien dat die Affieonnies "tops" is, hoekom Affies in akademie 'n voorloper is en hoe interessant vakke aangebied word. Die koshuise, uitstaande sportprestasies en 'n koor wat die Affie-naam landwyd hoog dra, het die keuse vir hulle voor-die-hand-liggend gemaak.

Die "gesonde" verhouding en "goeie" interaksie met AHS sal natuurlik die knoop verder deurhaak!

### REDAKSIE '95

**Redaktrise:** Karin Jordaan.
**Subredaktrise:** Zelmari Coetzee, Carina Boshoff
**Verslaggewers:** Karlien Franken, Mariènne Potgieter, Chané Henrico, Annelet Jordaan, Ciska Joubert, Nilette Piek, Carlien Smit, Engela v d Klashorst, Madri Bleeker, Liane Mulder, Hymne du Venage, Marenet Jordaan, Kristien Joubert, Stephanie Fouché, Monique Joubert.
**Spotprenttekenaars:** Tanya Potgieter, Andri Greeff.
**Fotograwe:** Germari Pieterse, Nadine Bober, Adelai Breedt, Jakkie Skinner.

## Germaanse gejol

- Karin Jordaan




As jy nog nie deel gehad het aan die gesellige gees en vrolikheid van 'n Duitse dag nie, moet jy 'n plan maak om dit volgende jaar te beleef. Op 28 Julie is so 'n onvergeetlike dag weer eens by L C de Villiers gehou.

Dit was lekker! Dit was pret! Dit was ook 'n geleentheid waar ons ons Duits kon oefen en verbeter en waar ons kon deel in die ryk Duitse kultuur.

Wir werden wieder so machen!





## Matriekafwesighede

- Karlien Franken

Daar is twee soorte matriekafwesighede - gemagtig en ongemagtig.

Kom ons kyk na eg. Die matrieks tap sweet agter hulle lessenaars en neem net een keer 'n etmaal 'n ruskansie en dan is dit om die matriekafskeidsroktannie te gaan besoek vir die finale pas. Rekordeksamenbloktyd is 'n gemagtigde afwesigheidsrede - volgens die onnies. Die enigste probleem is dan net dat die st.9's soveel persoonlike aandag kry, veral in seker vakke soos Skei-Nat. Die matrieks se pouseparkeerplekke word nou deur die sewes ingeneem en daardeur word die arme neges verdryf om 'n ander lêplek te gaan soek.

Die volgende soort afwesigheid staan in die weermag bekend as AWOL. Op Vrydag, 16 September, was daar die oggend 'n leemte in die saal waar die matrieks moes (let op die verlede tyd) wees. Die verbouereerde agts was effens deurmekaar en daarom nie soos gewoonlik die opportuniste van die skool nie en het soet op hulle plek bly sit. (Mev Dorey was toe ook nog nie met verlof nie.) Mej Venter het gehoop mev Jessen het 'n verduideliking daarvoor, miskien iets soos: "Honey, I shrunk the kids!", toe sy skielik onthou: "Aha! Vanaand is matriekafskeid!"

Ek het lank oor hierdie verskynsel nagedink en tot die gevolgtrekking gekom dat die matrieks se afwesigheid 'n mens 'n aanduiding gee van wanneer hulle sal trou. Die wat wel die 16e September by die skool was, trou so op 24, 25, want sien, hulle het net sowat 25 jaar nodig om voor te berei vir hulle troudag. Die wat by die huis gebly het, trou logies eers heelwat later, want hulle het soveel meer tyd nodig om voor te berei. Die wat al die vorige aand begin tittewyt het? 'n Goeie verduideliking vir die groeiende nonsyfer in Suid-Afrika!

## WAAR IS DIE MATRIEKS?




## Terloops

Na die kort reses, keer ons terug skool toe, net om begroet te word met 'n onaangename walm (weer eens). Daar waar eens soet roosgeure was, het dit geruik of ons oppie plaas was en nie in Pretoriô (uitgespreek met die Pretoria-Oos-aksent) nie.

Dit het darem vir een amusante oomblik gesorg: gaste wat ons skool besoek het, was nie bewus van die bemesting in die roostuin nie - hulle het probeer om so onopsigtelik as moontlik onder hulle skoene in te loer as hulle oor die rooi stoepe gegly het!

En ons bly by die tuin. Ook die sproeiers het blykbaar besluit om hulle eie koppe te volg. Sodra die Affies hulle klaar op die gras neergevly het, spring hulle regop en skud hulle waterkoppe. 'n Mens sien net Affies in alle rigtings spat (letterlik en figuurlik). Wat is volgende? Swart heinings wat 'n mens aanval wanneer jy roomys wil koop?

Vraag: Wat dink jy van AHS?

Antwoord:
* AgHeShame
* Jong mans met baie potensiaal en lewenskrag - vol liefde en deernis vir enige buitestaander
* "Marriage and the AHS-ego's are the two persistant problems of mankind that have not been solved"
* Hulle is die ramme in my lewe
* 2 x AHS = $(ego)^2$ geen oplossing / ongedefinieerd.



## KOMPETISIE !


Madonna? Marilyn Monroe? Wie dra die pragtige rokkies? Raai-raai wie's die Goue Lokkies? Bring so gou as moontlik jou antwoord na K.19.



RAMBO !

## Die voordele daaraan verbonde om Wiskunde te neem

* Jy leer om saggies te gaan sit
* Die Wiskundedeel van jou wit toetsboekie is altyd netjies
* Jy kan die robotjie teen die muur groet as jy naby hom sit
* Jy vind uit mev Dorey kan skrik vir 'n gogga.




## WAAR PAS JY IN?

- Chané Henrico

1. Jy skryf op Vrydag die dertiende 'n wiskunde- en bedryfstoets. Jy...
a) Deurnag
b) "Bunk"
c) Gaan smeek om uitstel (die traantegniek)
d) Gaan slaap agtuur en "krip".

2. Jou hokkiespan verloor. Jy...
a) Dring daarop aan om die wedstryd oor te speel
b) Breek jou stok
c) Drink 'n "Crème Soda" om te kalmeer
d) Maak of jy in 'n ander span is.

3. Die Dik-Dikkie is toe. Jy...
a) Eet drie dae gelede se "sandwich spread"-toebroodjie wat jy onder jou Skei-Natlêer ontdek
b) Gaan kafee toe
c) Bespring die minimoerbeiboom
d) Koop onwettig roomys.

4. Jou Bybelonnie staan voor jou in die ry by 'n fliek met 'n 2 - 21ouderdomsperk. Jy...
a) Groet en vra of jy haar handsak kan dra
b) Vra haar man hoeveel hy per maand verdien
c) Maak of jy haar nie sien nie
d) Bespreek haar haarstyl met jou vriendin.

5. Jy slaan neer in die bus. Jy...
a) Vertel vir die hele eerste rugbyspan van die uitsig daaronder
b) Klim by die naaste bushalte af en stap 6 km huis toe
c) Lag saam
d)Vra wie 'n piesangskil neergegooi het.

6. Jou ma kom haal jou by die sokkie en roep jou op jou troetelnaam. Jy...
a) Omhels haar en vertel haar van die nuwe soort koeldrank wat jy vanaand gedrink het
b) Klim in 'n vreemdeling se pa se motor
c) Help soek na Koekie / Bokkie / Kolwyntjie / Waterblommetjie, ens
d) Vra wie se ma so tekere gaan.


7. Jy gaan kyk krieket by die Seunskool. Die bal tref jou teen jou kop. Jy...
a) Maak of die bal die persoon langs jou getref het en vra of hy / sy reg is
b) Maak 'n "wave"
c) Sê dis reg - jy was in elk geval van plan om 'n blou oog te kry
d) Vra of dit 'n ses is.

**Meestal A's:**
Het jou ma dalk 'n tuisnywerheid?
**Meestal B's:**
Dalk moet jy oorweeg om 'n AHS-aansoekvorm in te vul.
**Meestal C's:**
As jy in st.9 is, is ons jammer vir jou; die prefekte is klaar gekies.
**Meestal D's:**
Geen draadsitters nie – slegs A,B of C word aanvaar. Herhaal asb. die toets.



Ek wonder waar pas ek in?

'n Definitiewe A




'n Definitiewe B






ONS PAS ORAL IN !




'n Menigte Affies meen dat sokkies in die sportsaal meer afkeur as goedkeur vind a.g.v. die feit dat dit te groot is. Die saal, wat einde 1993 voltooi is, kan met gerief meer as 'n duisend leerlinge huisves. Vir eksamen doeleindes: piekfyn, maar as dit kom by sokkies, is dit 'n ander saak.

"Die saal is te groot, die jollers staan te ver van mekaar af en dis net doodeenvoudig te gemaklik." het een Affie laat weet toe hy met die saak gekonfronteer is. 'n Ander een het bygevoeg: " .. dan sit hulle nog die ligte aan gedurende 'close dances', belaglik!"

Oplossing: As elke Affie een "joller" saambring, sal die sokkies voller en lekkerder wees. Boonop sal die skool ook met die inkomste baat vind en meer ouens sal MEER MEISIES trek!







– Amir Zarrabi –



## VERRASSENDE TALENT OP JAARLIKSE KUTLUURAAND

Vanjaar se Dramuk was soos in die verlede weer 'n besonderse geleentheid waar Affies se "kultuurtalent" aan die buitewêreld ten toon gestel is. Die aand is gekenmerk deur 'n wyd uiteenlopende program van items waarvan die meeste van 'n baie hoë standaard was.

In die weke voor die prestige DRAMUK-aande is verskeie uitdunne gehou om te besluit wie op die finale aand sou optree. "Kunstenaars" met elke moontlike "talent" het hul geluk by die uitdunne probeer, maar slegs sowat 13 items het na die finaal deurgedring. Toeskouers van alle ouderdomsgroepe het by die geleentheid opgedaag en hulle was nie teleurgesteld nie.

Daar was items na elke smaak - van 'n Poporkes tot klaviersolo's en 'n drama deur twee van ons leerlinge. Die beoordelaars het harde bene gekou, en na lang beraadslaging is die wenners aangekondig: gesamentlik in die eerste plek was Pieter Grobler (klaviersolo) en Willie Wessels (klassieke kitaar) - hul werk was werklik van 'n hoogstaande gehalte, en 'n fees vir elke musiekliefhebber se oor.

Vir die Affies was die hoogtepunt van die aand egter die onderwyserstoneel; "Fatale Flirtasie". Ons sal seker nie gou weer beleef hoe party van die onderwysers só speel nie. En ek dink ons het nou mnr. Burger se ware kleure gesien!

Dramuk 1994 het met vliëende vaandels in sy doel geslaag nl. om die kultuurbewuste leerlinge ook 'n kans in die kollig te gee. Dit is 'n goeie tradisie wat hopelik nog lank saam met Affies sal voortleef.

# Vereniging vir die Herlewing van die Middeleeue

– North & Joubert –



**Voor v.l.n.r.** John North (Voorsitter), Walter Dunn (O-voorsitter), Jacques de Wet (Sekuriteit) **Agter v.l.n.r.** Jac Joubert (Penningmeester) Mev. Wiesemann (Verversings) Louis Brenkmann (Sosiale Komitee) Afwesig: Andre Greeff (Sekretaris)

Hierdie is 'n vereniging wat die toets van tyd deurstaan het.
Na twee jaar van blatante veragting deur sommige geledere het die vereniging besluit om 'n breedvoerige uiteensetting van hulle bedrywighede te maak.
Kortliks: ons glo tye en mense verander nie - vandaar ons leuse
O Mores, O Tempora!
Dit is die woorde wat 2000 jaar gelede deur Giero geskryf is, en die feit dat dit steeds waar is - is 'n klinkklarebewys van ons argument.
Daar bestaan geen politieke of religieuse onderstrominge nie.

Die vereniging soek nuwe lede aangesien sekere lede die skool verlaat het. Enige leerling wat belang stel om 'n lid van hierdie eksklusiewe vereniging te word, kan met die voorsitter, John North, in verbinding tree. Belangstellendes moet egter besef dat 'n streng toelatingseksamen afgelê moet word.

## Prefekte 1995

Christiaan - The booger that stood the test of time
Phillip - Hovercraft van Eldoraigne
Amir - Ulunga, die een met die baie hare
Abri - Die Vlam van Meisies Hoër
Jakkie - Merino Vleispaleis
Theo - Pigly Wigly

## ONDERWYSERS

Mnr Burger "Hoor my lied ..."
Mnr Du Plessis "Ag nee, mense, asseblief. Ons vra julle samewerking in die verband"
Dr. Edwards "Geskors is die wat sondig ..."
Mnr Visagie "Ek stem saam met dr. Edwards."

## LATYNSOSIAAL

– Joubert en Dunn –

Die Affieseuns het op Donderdag, 10 November weer hulle halfjaarlikse uiters "genotvolle" Latynsosiaal met die "oorvloed" Latynmeisies van Meisies Hoër gehou.

Ons kon sien dat sekere leerlinge nie daarvan bewus was dat die Romeinse Ryk nie iets van die verlede is nie - "min klere" met baie meisies wat toekyk!

Die leerlinge is op eg Romeinse wyse onthaal: pizzas, pastas en kerslig.

"Chippendale" Gerdiner en "Whitney" Wieseman het aan die aand 'n romantiese kleur gegee.




DIE "IDEALE AFFIE"





# "Ooo ... Wildefees, oo ... Wildefees"

– Christoffel Breytenbach –



Die Affies wildfees is gehou op Saterdag, 13 Augustus 1994 in 'n ware Bosveldatmosfeer.
Groot kampvure, wildsvleis, boerewors en die gebruiklike eksotiese tafel, wat sommiges se eetlus gedemp het, het weereens gewys dat Affies niks halfhartig doen nie.
'n Glasie lawaaiwater en 'n slukkie van oom Gert se druiwesap het die geselskap net beter en die vriende net meer gemaak.
'n Gees van opwinding en Affie-kameraadskap het hoogty gevier en toe die aand verby was, het almal gewonder wanneer word die volgende wildsfees gehou!





Pappa Pot het toe al die tyd vir sy vriende en nie vir die koshuis skaap gebraai !

# TENNIS

- Carlien Smit




Wat ek van tennis weet is gevaarlik. Wat ek van Affiestennis weet, kom ek toe agter, is lewensgevaarlik. Want ek kry toe mos die opdrag om Affies se tennisartikel te skryf.


Nou maar goed, besluit ek toe, 'n bietjie rondvra en uitvind sal my nie kwaad doen nie. Eintlik is dit toe 'n heel interessante onderwerp en 'n afdeling waarin Affies baie goed vaar. Die O/15's het hulle liga gewen en die bo 15's is in hulle liga slegs deur Waterkloof ge-stuit.

Daar was ook puik individuele prestasies. Sandra Spijkerman het die Standardbanktrofee verower en Ronel, haar sussie, was 'n lid van die Noord-Transvaalse span wat die landswye kompetisie gewen het.

Affies se tennis is dus lewendig en gesond en gaan volgende jaar haar masjien vroeg aan die gang sit om self nog beter te doen.



Sandra Spijkerman – wenner van die Standard Banktrofee



Een glasie druiwesap ... en jy snap al die O/15A Hokkiespan se "grappies"!





Die landlopers!



Ons steek Afrikaans Hoër "Skilpad" (AHS) verby! ... AMPER!

# ATLETIEK

- Kristien Joubert

"Atletiek is die ideale ding om van die wintervetjies ontslae te raak!" So lui die bekende woorde van entoesiastiese onderwysseresse wat 'n mens probeer aanmoedig, want nog 'n atletiekseisoen het begin. Die flukses onder ons is al klaar hard aan die werk om AHMP weer eens op atletiekgebied te laat uitblink. So in die stilte is hulle besig om hiperfiks te raak. Die seisoen se eerste byeenkoms het ook reeds plaasgevind. AHMP het teen die Garsies op Menlopark se baan deelgeneem. Al was dit net 'n vriendskaplike byeenkoms, is ek seker dat ons menige "Gars" gedors het! Ons het vier eerste plekke behaal asook 'n hele paar tweedes en derdes. Baie geluk aan almal wat die seisoen reeds op so 'n hoë noot begin het. Ons (met ons wintervetjies) sien uit na 'n wenseisoen!



Die kleurvolle Basket(v)alspan



Lede van die Suid-Afrikaanse Korfbalspan: Yolande Erasmus en Annelene Delport



OUD-AFFIES PRESTEER! Riëtte Botha, Liezle Vlok en Susan Toerien verwerf al drie Provinsiale Kleure vir O/21 Netbalspanne

# "Karate Kid" – Adri Smit

- Liane Mulder

Karate is 'n stelsel van selfverdediging wat uit China afkomstig is. Die huidige betekenis van "karate" is "leë hande" en hierdie konnotasie is afkomstig uit Japan. Die Stroomopredaksie het al hulle moed bymekaar geskraap om met Meisieshoër se karatekoningin 'n onderhoud te voer.

Die spanning het hoog geloop, maar toe ons hoor dat sy maar net vanaf Februarie 1993 karate beoefen, was ons redelik op ons gemak. A3 is vasbeslote om in haar rolmodel, Jackie Chan se voetspore te volg. Met so 'n positiewe gesindheid het sy al klaar 'n paar titels verower. In April het het A3 haarself gaan verdedig by die SA-kampioenskappe en daar verower sy 'n silwer medalje. In die daar-opvolgende het sy nog medaljes by haar versameling gevoeg asook haar Noord-Transvaalkleure.

Aanhouer wen...A3 het weer by die SA-kampioenskappe gaan deelneem en hier 'n verdere twee silwermedaljes ingepalm. A3 is 'n Affie met wie 'n mens nie moet skoor soek nie. Sy rond haar aggresiwiteit af deur gruwelverhale te lees en te slaap in haar vrye tyd.



Ons kan duidelik uit A3 se vorige prestasies aflei dat sy nie tipe Affie is wat graag met leë hande wegloop nie - aan die einde van die dag loop sy altyd met hande vol trofeë weg.

# KRIEKET
## slaan die liga vir 'n ses

– John Jones –

Affies se krieket het hierdie jaar op 'n stadige trant afgeskop weens die feit dat die rugby tot in die lentemaande aangekarring het.

Juis dit het gesorg dat Affies ook op krieketgebied "Affie Guts" getoon het deur Montana oortuigend op hulle tuisveld, met slegs 3 erkende boulers, te klop. Daarna het die rugbyspelers teruggekeer en die seisoen kon verder vlot verloop met die uitsondering van een of twee beserings.

Die jaar se hoogtepunt was definitief die wedstryd teen Die Wilgers. A.H.S. het eerste om die finale wedstryd om die liga gekolf en 214 lopies aangeteken, met Francois Viljoen (Abdul) wat uitgeblink het met die kolf.

Daarna het Wilgers gaan kolf, en teen die telling van Affies, wat volgens sekere elemente langs die veld gans en al te min was, vasgeval deur dat hulle uitgehaal is vir 102 lopies. Pieter van Rooyen het hier uitgeblink met die bal. Affies wen toe die NTvl. liga met 1 bonuspunt bó Zwartkop.

Die 0/15's het soos met die rugby, nie op hulle laat wag nie, en skoonskip gemaak in hulle liga, deur o.a. Boys' High met 30 lopies te klop.

Vir 'n jaar wat 4 Nuffieldspelers opgelewer het en 3 NTvl 0/15-spelers waar al die spanne (behalwe twee naaswenners) liggawenners is, kan ons werklik sê dat krieket die "kersie" op hierdie jaar se "sportkoek" was.



V.l.n.r. Pieter van Rooyen (A-span), Nicolaas Alberts (A-span) en Francois Viljoen (B-span) – hulle is gekies vir die NTvl se twee Nuffieldspanne. Robert van Wyk, Burgert Kloppers, Herman Wessels en Kruger van Wyk (hulle is van Affies se O/15 A-span en is ingesluit in die NTvl span wat aan die PG Bison-krieketweek in Bloemfontein deelneem het.)

# KRIEK KRAAI KONING



– Andreas Laubscher –

Ons eie mnr. Kriek is tóg 'n man wat dinge stil-stil kan doen. Hy het onlangs 'n merietetoekenning by Willards en Metro vir die uitstekende manier waarop hy die skool se eerste rugby- en krieketspanne afgerig het, ontvang. Hy is slegs die tweede hoërskoolafrigter wat dié prestige toekenning ontvang het.



Hy het 'n "hengse" sertifikaat ontvang (op sy eie beskeie manier) by 'n glansgeleentheid sonder om twee woorde daaroor by die skool te rep.

'n Mens kan sien hy is trots op sy "hengse" sertifikaat, maar hy voeg tog by, met 'n hartseer sug,: "Ja, dit sou nie kon seermaak as ons 'n jaar se skyfies by willards ontvang het nie."

## DINGE WAT ONDER WATER GEBEUR. . .

– Roelie J Kloppers –

Tjaart Janse van Rensburg het die afgelope jaar Affies en Suid-Afrika se naam onder die water hoog gehou. Hy het Suid-Afrika in vier toetse teen Nieu-Seeland in onderwaterhokkie verteenwoordig. Vanjaar was die tweede jaar vir Tjaart om in die groen en goud onderwaterhokkie te speel. Hy is einde Julie gekies vir die span wat 'n Nieu-Seelandse toergroep in vier toetse aangedurf het.

Met al dié prestasies agter sy naam, kan ons sekere wees om nog baie van hom te hoor. Affies wens Tjaart sterkte toe vir 'n belowende toekoms in dié sport.

## Mnre At Oosthuizen en Sakkie van der Walt is as beste afrigters aangewys deur die Noord-Transvaal Skole Rugby-unie.

## DIE AFFIE DRAFFIE

– Palim –

Een bewolkte Vrydagoggend was die dag van waarheid vir al die huidige en potensiële landloopatlete van Affies.

Met spanning in hul spiere en strak uitdrukkings in die oë, het atlete hul plek ingeneem: Gerhard Kempff, Mike van Reenen en die White-broers. Almal groot name van huidge en veteraanatlete.

Die strawwe 2,5 kilometer van die seniors was een te veel vir die veterane en Jaco Crouse, 'n belowende jong atleet, het gewen in 'n tyd van 7 min. 45 sek.

Onder die juniors het Johan Stegmann geseëvier in 'n tyd van 6 min 18 sek. oor 'n afstand van 2 km.

Die dag was uiters suksesvol en van die (veteraan) atlete het reeds begin voorberei vir volgende jaar.

## Vandag die O/15-span – môre die Wit Bulle!

*Die onder vyftien rugby spelers wat Affies met hope spanning en uiteindelik vreugde vervul het, blyk die toekomstige Wit Bulle te wees.*

Met hul rateltaai skrums en vlieënde agterlynspel, het hul lag-lag deur die noemenswaardige spanne in die land gedraf.

Gekenmerk deur "Affie guts" het hul die sewe liga- en drie Noord-Transvaalse wedstryde asook die finaal om die Piet Krynauwtrofee ingepalm wat Affies kan laat spog met nog 'n "Direkteurstrofee."

Die 0/15-span het in dié rugbyseisoen 22 wedstryde gespeel waarvan hul 21 gewen het. In dié wedstryde het hul 639 punte (102 drieë) met 'n skamele 167 punte (22 drieë) teen hulle aangeteken. Bogenoemde suksesse was slegs moontlik onder die bekwame leiding van die afgrigters en die kaptein Skippie Badenhorst. Met sulke afrigters, kaptein en spelers is hierdie 0/15 rugbyspan bepaald die Wit Bulle van die toekoms.

*Affies weet dat julle eendag die Wit Trui geen oneer sal aandoen nie!*



– Michél du Plooy –

## KRIEKET AFRIGTING

Affies gaan van aan- staande jaar af oor die dienste van 'n professionele krieketafrigter beskik.

Mnr Ronnie Carr, wat ook in diens is van die Noord-Transvaal
se Krieket unie en daar gemoeid is met krieketontwikkeling, sal vir vyf maande van die jaar twee keer 'n week in die middae by ons kom afrig.

Mnr Carr is ook 'n Nuffieldkeurder en afrigter van die Noord-Transvaalse B-skolespan.

## Eerste oor die wenstreep

– Floris van der Walt –



Morné Bester ry weer eerste oor die wenstreep. Hy het as Wes-Transvaalspanlid talle wenprestasies agter sy naam.

Op die Suid-Afrikaanse fietsry kampioenskappe het hy drie medaljes en 'n eerste plek verower. Daar wink 'n belowende toekoms vir Morné in fietsry.

## Dié beste skut . . .

– Floris van der Walt –

Die 1994-skietseisoen is oorheers deur die prestasies van Rian Boonzaaier. Rian het tot op nasionale vlak puik presteer en was deel van die Noord-Transvaalse skietspan wat op die afgelope Nasionale Kadet Bisley Kampioenskappe elf trofeë verower het.

Onder trofeë wat Rian self op die Bisley Kampioenskappe verower het, was onder andere die trofee vir die algehele beste skuttoepassing. Die trofee vir die Kadet met die hoogste telling in die kompetisie; die trofee vir die beste Junior skut; die Musgrave skild en medalje vir die beste seunsskut, en die trofee vir die groot kampioenskut in Suid-Afrika. Sjoe!

Rian is ook opgeneem in die Nasionale oefengroep met die oog op twee internasionale toere na die buiteland in 1995. Hy verwerf ook sy Nasionale Junior Springbokkleure vir skiet.

Ander trofeë wat Rian deur die jaar ontvang het is vir die beste junior skut Oos-streek kompetisie; die beste junior skut Noord-Transvaal finaal; beste junior skut-Affies en algehele beste skut-Affies. Rian ontvang dan ook sy tweede en derde toekenning vir skiet.

Floris van der Walt ontvang die trofee vir die beste senior skut in Affies.



## NOG OPKOMENDE SPORTSTERRE

– Roelie J Kloppers –

Enkele individuele prestasies

**Ewald Booysen** blink uit as kolwer en veldwerker vir die Noord Transvaalse Bofbalspan.

**Gerhard Bolt** het Noord-Transvaal-kleure in gimnastiek verwerf.


**Edward Curry** het reeds die junior swart gordel in karate. Op die wêreldkampioenskappe in Japan, is hy as die vyfde beste op die wêreldranglys in drie ouderdomsgroepe geplaas (1 tot 4 is Japanese). Die Springbok Karateka ryg die goue medaljes en karatetoekennings in.

**Jan-Louis van Vollenstee** 'n kranige perderuiter wat Suid-Afrika telkens op Internasionale skoue en perdespring kompetisies verteenwoordig. Hy't reeds sy SANEF-kleure, die groen en goud verwerf en is die enigste junior wat na die Dresseer skool in Düsseldorf (Duitsland) genooi is. Ook is hy na 'n perdespringskool met 'n Olimpiese afrigter in België genooi. Dit wil gedoen wees!

**Jean-Jacques Terblanche** verteenwoordig Suid-Afrika in swem by die Wêreldspele vir Gestremdes in Malta.
Prestasies:
50m vryslag -6e plek
100m vryslag -4e plek
100m vlinderslag -2e
100m borsslag -2e
200m individuele wisselslag -1e plek, verbeter die wêreldrekord – Jean-Jacques het sy goue medalje huis toe gebring.

**Wessel de Villiers** verkry ook Noord-Transvaal kleure in gholf.

**Martin Maritz** woeker met sy gholftalent - hy was vierde op die Junior Wêreldkampioenskappe en die Japan Junior Wêreldkampioenskappe. Die Springbok is alweer êrens besig om nog trofeë en toekennings by sy ander verowerings te voeg. Hy is dan ook as die Metro-Willards Sportman van die Jaar aangewys.



Só ryg Martin die trofeë in!



# SPORTMAN VAN DIE KWARTAAL

## Dirkie Strydom Sportster van formaat

– John North –

Dirkie Strydom - 'n naam wat sinoniem geword het met opwindende, kragtige sportmanskap en veral rugbytalent.

Nodeloos om te sê hoeveel keer Dirkie gedurende die afgelope rugbyseisoen punte aangeteken het en sodoende 'n groot rol gespeel het in Affies se verowering van die Direkteurstrofee. Dit was dan ook vir Dirkie die hoogtepunt van 1994.

As 'n mens na al Dirkie se prestasies kyk, is dit moeilik om 'n hoogtepunt uit te sonder. Hy het onder andere Noord-Transvaal in atletiek en rugby verteen woordig en vir die Transvaal-Bondespan rugby gespeel en was 'n vername deel van die kragtige Affie atletiekspan. Daar het sy deelname en goeie sporttalent nie geëindig nie - hy het ook vir die Affies se 0/19 sagtebalspan gespeel.

Vra jy jouself af wat motiveer 'n persoon om só te presteer vind jy nie altyd 'n bevredigende antwoord nie. Maar volgens Dirkie gebruik hy die talente wat hy ontvang het, ten volle om dit sodoende aan sy Skepper op te dra. Dit is ook sy raad aan alle opkomende sportmanne en rugbyspelers: "benut jou talente ten volle en jy sal suksesvol wees!"

Verder glo hy dat jy nooit mag ophou of ingee voor die einde nie - 'n lewensles wat Affies hom geleer het en wat in sy spel weerspieël is.

Dirkie wil graag Springbokrugby speel, maar gaan eers voorlopig aan die Onderwyskollege Pretoria studeer.

Die Affies sal die kranige sportster met groot verwagtinge dophou en glo vas hy sal sy ideale verwesenlik.

# K O N I N G S

– Roelie J Kloppers –




Voor vlnr: Wayne Mitchell, dr Daan de Klerk, Grant Esterhuizen, mnr At Oosthuizen (afrigter), Deon Strydom (kaptein), dr Pierre Edwards (hoof), Shaldon Heuer (o/kaptein), mnr Carel Kriek (afrigter), Du Toit Botes.
Middel vlnr: Eugene Marx, Adriaan Potgieter, Ernst McDonald, Riaan Olckers, Nico Loggerenberg, Gerhard Beukes, Wimpie van Wyk, Jakkie van der Walt.
Agter vlnr: Jan Serfontein, Lourens Visser, Regardt Volschenk, Ernst Veldsman, Werner Volschenk, Dirk Strydom, Fanie Maritz, Quentin de Villiers, Theo Grobler.



Affies behaal skitter-sege

Affies oortuigend koning

Verslaan Verwoerdburg met 36-11 in eindstryd van Noord-Transvaal

"AFFIES" is die beste!. Aan die juigkreet is Saterdag in Pretoria opnuut weer gestalte verleen met die oortuigende oorwinning wat die eerste rugbyspan van die Afrikaanse Hoër Seunskool oor Verwoerdburg in die eindstryd van Noord-Transvaal behaal het.

Affies, die verdedigende Noord-Transvaalse kampioen, het die Woeries met 36-11 geklop. Hy speel aanstaande Saterdag op sy tuisveld teen die HTS Middelburg in die kwarteindronde van die reeks om die Direkteurstrofee.

Ook die o.15 span van Afrikaans Hoër dra die Noorde se kroon vir 1994. Hy moes egter veel harder werk om Waterkloof met 10-9 in 'n baie spannende eindstryd te klop.

Afrikaans Hoër 38 (10)
Verwoerdburg 11 (6)

'N SKITTERENDE terugveg-poging Saterdag op sy tuisveld deur die eerste rugbyspan van die Afrikaanse Hoër Seunskool het sy plek die eerste keer sedert 1988 in die halfeindronde van die reeks om die Direkteurstrofee verseker.

Die Noord-Transvaalse kampioen het die Suidoos-Transvaalse wenner, HTS Middelburg, met 33-21 geklop. Dit was nadat die Affies aanvanklik met 14-0 agter was en met rustyd nog verder met die rug teen die muur was (21-7).

Strydom het die mooiste drie van die wedstryd aangevoor juis toe hy onder druk was. Hy het met 'n beweging in sy eie halfgebied begin, drie teenstanders geklop, na Grant Esterhuizen (senter) laat loop wat op sy beurt vir Eugene Marx, die ander senter, in besit gestel het. Marx het ná 'n prag-lopie in die hoek oorgeduik.

Van Marx gepraat, hy borrel self oor van talent. 'n Mens kan sy naam gerus onthou, veral omdat hy nou eers in standerd agt is en twee jaar oor het om diep spore in Noord-Transvaal se hoërskole-rugby te trap.

**Affies se trots in Direkteurstrofee-eindstryd**

**Na nege jaar is die Direkteurs-trofee weer terug in sy Tuisland. Affies het vanjaar daarin geslaag om te eindig as die top rugbyskool in Transvaal en die trofee met die "handjies" in die ingangsportaal, is bewys daarvan.**

# SPORTVROU VAN DIE KWARTAAL SUZAAN MYBURGH

- Annelet Jordaan -



Alhoewel sy baie verras was, is daar geen twyfel oor hoekom Suzaan Myburgh Stroom-op se sportvrou van die kwartaal is nie.

Suzaan is reeds lankal bekend vir haar prestasies in netbal en atletiek. Dit het hierdie kwartaal 'n hoogtepunt bereik toe sy die trofee ontvang het vir die Netbalspeelster van die jaar.

Haar netballoopbaan in Affies het begin toe sy in st.6 vir die O/14 A-span gekies is. Vanaf st.8 het sy vir die skool se eerste span gespeel. Gedurende hierdie selfde jaar het sy vir die eerste keer Noord-Transvaalkleure vir netbal verwerf en in matriek het sy vir die Noord-Transvaalse A-span gespeel. Asof dit nie genoeg is nie, is sy hierdie jaar aangewys as een van die Top 28 speelsters in die land. Haar atletiektalent het haar ook van st.6 - 10 'n plek in die Direkteurspan besorg.

Suzaan het ook 'n kulturele sy - sy speel dwarsfluit en is hierdie jaar voorsitter van die koor.

Volgende jaar gaan sy kliniese sielkunde studeer. Sy hoop om binne vyf jaar Springbokkleure in netbal te verwerf. Enige iemand kan met reg trots voel op sulke prestasies - tog is Suzaan baie nederig: "Ek weet dat alles wat ek reeds bereik het, net deur God se genade is."




# L I G A W E N N E R S

**Nell-Mari de Vos, Helen de la Bat, Mignonne de Swardt en Marion Eloff is almal lede van die O/15A Tennisspan – die wenners van die liga.**

# " M I D N I G H T F O I L "

- Annelet Jordaan -



Floret (of "foil" in Engels) en degen mag miskien nie veel vir die gemiddelde Affie beteken nie, maar daar is 'n groep wat jou baie beslis iets hiervan kan vertel.

Dit is ons eie skermklub! En moenie dink omdat hulle so onbekend is hulle bereik niks nie! Nie minder as drie Affies het vanjaar hulle Noord-Transvaalkleure verwerf nie, nl Leanie de Kock, Sarita Immelman en Lizl Viljoen. Dan praat ons nie eens van die Suid-Afrikaanse kampioenskappe in Kaapstad nie! Vier Affies het deelgeneem: Elmarie Bredenkamp, Lizl, Sarita en Leanie. Elmarie was derde in die O/20 floretafdeling en die ander drie onderskeidelik 2e, 4e en 5e in die O/17 en O/20-florette en O/20-degen. Die Noord-Transvaalspan het die O/17 floretafdeling gewen.

Skerm is nou wel 'n baie klein sportsoort in Suid-Afrika, maar die Affies se entoesiasme en die leiding van hulle Springbokafrigter, Henk van Garderen, kan dit dalk sy regmatige plek as sewende grootste sportsoort inneem.

Miskien kan die feit dat ons skermklub saam met Boys' High en AHS oefen die belangstelling ver-



**Danielle Geldenhuys was saam met Suzaan Myburgh 'n lid van die Noord-Transvaalse Netbalspan**